'N BOSVELDTONEEL - CORRA SMITH

Saikei is die nabootsing van 'n natuurtoneel, in miniatuur, in 'n vlak houer, waar die klem op die landskap val en nie noodwendig op die boom nie. 'n Samestelling van bome, klippe en grond om 'n drie-dimensionele toneel voor te stel.

Een, twee of selfs drie afsonderlike houers kan gebruik word wat elkeen op sigself 'n toneel voorstel. As die bakke teen mekaar geplaas word vorm dit saam ook 'n landskap. Die houer kan langwerpig, ovaal, rond of in vryvorm wees, solank dit vlak is met dreineringsgate wat met gaas bedek is. Verkieslik in 'n grondkleur wat nie die aandag van die landskap sal aftrek nie, maar saamsmelt. 'n Standaard grondmengsel word gebruik. Plaas klippies onder in die bak vir dreinering.

Klippe wat pas by die toneel word gekies en so geplaas dat die beste dele op verskillende hoogtes by die grond uitsteek. Die kleur moet eenvormig wees en die groewe moet in dieselfde rigting le.

Die bome kan almal van dieselfde spesie wees. Waar verskillende ouderdomme of verskillende spesies gebruik word, moet hulle dieselfde grond- en groeibehoeftes hê. In die geval van 'n bosveldtoneel kan Acacias, Keiappel, Maroela, Kiepersol, Witstinkhout, Olienhout, Huilboerboon en nog vele meer gebruik word.

Fyner grassies en selfs miniatuur aalwyntjies (in verhouding) word gebruik met 'n klei miershoop en fyn klippies wat 'n paadjie skep.

Die grootste boom word redelik voor geplant en die kleiner bome na agter vir diepte. Die bome word nie ewe vêr uitmekaar geplant of in rye nie. Bome kan ook op verskillende hoogtes geplant word om randjies voor te stel. Neem ook in ag dat die stamme se rigtings belangrik is. Die hoofboom se stam kan baie effens vorentoe leun as die boom skuinsstammig is, terwyl die kantste bome effens oorleun na buite en die kleiner agterste boom leun agtertoe. Sorg dat die geheel buitelyn 'n wolk, of 'n driehoek vorm; dit moet strelend wees vir die oog.

'n Voetpaadjie kronkel en word nouer agtertoe sodat dit om 'n boom of klip verdwyn; nie reguit nie en plek-plek onsigbaar. Indien 'n boom naby 'n ander moet staan kan die wortels in die vorm van 'n skyf koek uit die een boom se wortels gesny word sodat die stamme naby mekaar geplant kan word. Een boom se wortels kan ook onder 'n ander boom se wortels geplaas word om die bome op die regte hoogte te kry. Bome word in groepies geplant; die hoofboom se agterste tak is belangrik terwyl 'n sytak soms afgesny word waar 'n ander boom teenaan geplaas word. Dié boom se sytak kan weer behoue bly.

Indien 'n groot klip gebruik word om 'n berg voor te stel, moet een van die bome se takke nie op die klip rus nie

Deur bome wat reeds gevorm is te gebruik, word 'n bevredigende prentjie alreeds met die plant van die Saikei verkry. Ongevormde bome neem langer om 'n landskap te skep.

Die verskil tussen Saikei en Bonkei:

Bonkei is ook 'n landskap in 'n vlak houer maar dit is 'n droë rangskikking. 'n Kunsmatige rots of klip word gebruik; droë bome of struike ('n afgestorwe bonsai boom); miniatuur huisies, bruggies, diere, mense van klei in verhouding met die boom en berg. Die kunsvorm is realisties en nie abstrak nie.

Die verskil tussen Saikei en 'n groep:

In 'n groep word geen bykomstighede gebruik, soos klippe, vetplantjies of figuurtjies, nie. 'n Groep bestaan gewoonlik uit bome van dieselfde soort. Hoë heuwels word nie in 'n groep gebruik nie. Die grond word slegs so hoog soos die diepte van die bak bokant die rant van die bak opgebou.

Sodra meer as twee bome gebruik word is dit 'n groep. Elke boom moet van die vooraansig en die groep se aansig van die bak individueel sigbaar wees. Groepe en saikei kan op 'n plat houtskyf geplaas word as dit uitgestal word. 'n Bamboes matjie is ook geskik of 'n plat stuk slasto. Die houtskyf, matjie of klipskyf moet nooit kleiner of net so groot soos die houer wees nie en verkieslik effens uitsteek om die kante.

Die verskil tussen Saikei en Bonsai:

In Bonsai word 'n boom gevorm om te bewonder. Die landskap en houer komplimenteer slegs die boom; geen figurtjies trek die aandag af van die styl van die boom nie.

In Saikei skep ons die illusie van die landskap wat in die verbeelding nie by die einde van die houer ophou nie. Dit moet voel of jy deel is van die landskap en jou die res van die toneel voor jou geestesoog kan voorstel. Indien die kyker dit regkry is jou skepping geslaagd.

Ontwerp: